# HOOFSTUK 4

## DIE INVLOED VAN EKSTERNE FAKTORE OP OORBEVOLKING IN GEVANGENISSE

### 4.1 Inleiding

Oplossings vir oorbevolking in gevangenisse moet nie net binne Korrektiewe Dienste gesoek word nie. Misdaadvoorkoming moet in die gemeenskap plaasvind en aangesien dit een van die langtermyn oplossings vir die daling in misdaad moet wees, moet die oorsake vir misdaad aangespreek word en nie die simptome daarvan nie. In hierdie hoofstuk word aandag gegee aan enkele faktore in die gemeenskap wat aanleiding kan gee tot misdaadpleging en gevolglik bydra tot oorbevolking in gevangenisse.

’n Misdaad word nie net gepleeg omdat misdaad, misdaad is nie. Nee, iets moet aanleiding gee tot hierdie handeling, iets negatief wat beleef/ervaar word en dan met misdaadpleging “reggestel” word.

In ’n land soos Suid-Afrika waar die jong demokrasie nog worstel met die ongelykhede van die verlede speel faktore soos armoede/werkloosheid, opvoeding binne gesinsverband, bendes/dwelms en rasseverhoudings ’n groot rol in die tipe en frekwensie van misdade wat gepleeg word. Bogenoemde faktore word kortliks bespreek om die invloed daarvan op misdaadpleging toe te lig en in verband te bring met oorbevolking in gevangenisse.

### 4.2 Armoede / Werkloosheid

Armoede en werkloosheid word saam in hierdie afdeling bespreek aangesien die een ’n direkte invloed op die ander het. Die HAT (Odendal,1984 : 54) omskryf armoede as: “toestand van arm te wees, sonder geld en sonder die vernaamste lewensbehoeftes.”

Minister Ben Skosana (DKD-Intranet) het op 25 Januarie 2001 die Nasionale Raad vir Korrektiewe Dienste toegespreek en die toekoms van die gemeenskap soos volg beskryf (Karl Marx): "If man is not free, in the materialist's sense, that is, if he is not negatively free to avoid this or that event, but is positively free to express his true individuality, then rather than punishing individuals for their crimes we should destroy the social conditions which engender crime, and give to each individual the scope which he needs in society in order to develop his life."

Dit is duidelik dat daar iets aan mense se omstandighede gedoen moet word, maar is daar 'n oplossing vir die geweldige werkloosheid en armoede in die land? Hierdie vraag kom soms by 'n mens op as dit lyk of die plakkerskampe om dorpe en stede net groter word en die werkloosheid bly styg. Die navorser wil weer eens terugkom na die probleem van "getalle". Die regering beoog om 'n miljoen huise te bou in die volgende 10 jaar, maar teen die huidige bevolkingsaanwas sal daar 20 miljoen meer mense oor 10 jaar wees. Daar is net eenvoudig nie 'n manier hoe behoeftes vinniger aangespreek kan word as wat dit ontstaan nie.

In die Rapport (18 Julie 2004 : 12) skryf Flip Buys 'n artikel oor armoede in Suid-Afrika. Hy sê dat Suid-Afrika nuut sal moet dink en doen om oplossings vir armoede te kry. Hy verwys ook na syfers wat deur Prof. Sampie Terreblanche bekend gemaak is. In hierdie statistiek word die bevolking in drie groepe ingedeel, bestaande uit ongeveer 15 miljoen mense per groep. Die eerste groep bestaan uit sowat 4 miljoen wit en 11 miljoen swart mense en kry 88% van alle inkomste in die land. Die tweede groep bestaan grootliks uit swart mense en kry sowat 8% van die nasionale inkomste. Die derde groep kry 4% van die inkomste en is hoofsaaklik swart.

Die regering betaal vir ongeveer 6 miljoen mense die een of ander vorm van toelae om 'n bestaan te maak. Dit plaas weer 'n geweldige belastinglas op veral die middel klas inkomstegroep vir wie hoë belastings minder geld in hulle sakke beteken aangesien hulle nie veel in ruil kry vir die hoë belasting wat hulle betaal nie. Hulle is steeds verantwoordelik om hulle eie medies, pensioen, onderwys, veiligheid en vervoer te betaal.

Die regering is ook te dikwels vyandig teenoor die blanke belastingbetalers. Vanuit politieke kringe word te maklik gesê dat die armoede in die land die gevolg van die

vorige bedeling is. Dit is ’n baie gevaarlike stelling om te maak aangesien verskeie ander ewe belangrike faktore bygedra het tot die huidige posisie van veral swartes.
Suid-Afrika is nie die enigste ontwikkelende land met probleme nie. Wie ook al ’n land regeer, sal te doen kry met ontwikkelingsprobleme soos;

- gebrek aan ondernemerskap en ’n ontwikkelingskultuur,
- ’n hoë bevolkingsaanwas,
- vinnige verstedeliking en
- lae vaardigheidsvlakke.

In Suid-Afrika het ons twee uiterstes naamlik ’n moderne sektor en ’n informele sektor. Bykans die helfte van die mense in Suid-Afrika is in die informele sektor gevestig. Die informele sektor is dus afhanklik van die moderne sektor. Behalwe die klein groepie super-rykes val die meeste mense in die moderne sektor, in die middelinkomstegroep waar salarisse net-net genoeg is om vir hulleself te sorg. Die regering is dus verantwoordelik om die armes te help. Die betaling van toelae’s deur die regering is ook nie altyd so ’n goeie idee nie aangesien mense gou gewoond raak om net te ontvang, sonder om enige werk in ruil vir die regering te doen. Die navorser is daarom van mening dat daar eerder gekyk word na projekte waar werklose mense iets kan doen in ruil vir geld waarmee hulle hulle gesinne kan onderhou. Die oues van dae en sieklike mense wat nie meer kan werk nie, kan beslis ’n toelae betaal word indien hulle kwalifiseer daarvoor. Deur sulke projekte kan die 6 miljoen mense wat tans toelae’s ontvang, aansienlik verminder word en dus die las op die staat verlig.
Die wêreld-ekonomie het die afgelope dekade drasties verander. Globalisering maak dit nou moontlik vir die groot maatskappye om hulle produkte wêreldwyd te verkoop en so groter winste vir hulle aandeelhouers te maak. Alles gaan oor geld en rykdom. Jaarliks word duisende poste afgeskaf en mense verloor hulle werk, ten einde die rykes nog ryker te maak. Die dae dat die ekonomiese groei wat hierdeur bewerkstellig word, sal deurvloei tot op die lae vlakke van die arbeidsmark is verby. Die regering besef dat ekonomiese groei nie noodwendig meer werksgeleenthede sal skep nie, maar kweek vervagtinge by sy kiesers wat nie altyd haalbaar sal wees nie.

Terwyl die ekonomie in Suid-Afrika verbeter, raak die arbeidsmark al kleiner. Al meer masjiene doen die werk van mense en dit veroorsaak dat slegs die elite-sektor kan oorleef waar kenniswerkers gebruik word. Daar is geen plek vir ongeskoolde arbeid in dié sektor nie. Wanneer daar gekyk word na swart bemagtiging deur die regering, kom dieselfde situasie na vore. Slegs die elite-swartes word bemagtig terwyl die massa's swaarkry.

In Suid-Afrika is baie geleenthede om selfonderhoudend te wees, maar ondernemerskap en die wil om self te ontwikkel ontbreek. Die rand se waarde is van so 'n aard dat dit steeds relatief goedkoop is om vakansie te hou in Suid-Afrika wanneer ponde en dollars die land ingebring word. Dit is die rede waarom die toerismebedryf tans so goed doen. Die toeriste het nie net genoeg geld om na Suid-Afrika te kom nie, maar het ook genoeg geld om hier te spandeer. Dit het tyd geword dat die uitdrukking "ek soek werk, maar kry niks" gestaak word. Dalk moet daar iets gedoen word aan die situasie en die moontlikhede is onbeperk en so ook die verbasing wanneer iets wat probeer word, goed werk en dit uitgebrei kan word na iets groters en sodoende dalk ook werk kan skep vir iemand anders.

Die regering, nie-regeringsorganisasies, privaatsektor, kerke en die gemeenskap self moet hierby betrokke raak ten einde die armoede-probleem te help verlig. Deur slegs staat te maak op ekonomiese groei om werkskepping te voorsien teen die tempo wat die vraag na werk ontstaan, is beslis nie die korrekte hanteringswyse van hierdie probleem nie.

Om terug te kom na die misdaadprobleem in Suid-Afrika noem President Mbeki aan Freek Robinson op 12 Desember 2002 (Fokus, SABC 2) dat kriminaliteit meer in swakker sosio-kultuurgroepe voorkom. Hy noem verder dat hierdie omstandighede van mense eers verander moet word alvorens daar enige sprake van afname in misdaadpleging in dié gebiede kan wees.

In die Rapport (26 Mei 2002 : 11) skryf Corné Krige dat armoede lei tot hongerte, wat weer lei tot diefstal. Hy noem dit 'n bose kringloop wat vererger word deur die mark wat geskep word vir gesteelde goedere. Hy sê: "Ons help misdaad hierdeur aan. Ledigheid is die duiwel se oorkussing en die rede vir baie misdade wat gepleeg word." Corné gaan voort deur voor te stel dat kinders en werklose mense eerder by sport betrokke moet raak as by bendes. Eersgenoemde kan baie geld beteken wat 'n

inkomste verseker, bendes en dwelms verseker daarteenoor slegs probleme en botsing met die gereg.

’n Ander al groter wordende probleem is die aantal straatkinders wat as gevolg van armoede hulle wend tot die strate waar almoese gevra word om te oorleef. In ’n onderhoud met een van hierdie straatkinders in Worcester het dit duidelik na vore gekom dat daar geen sprake van ’n gesinsverband is nie. Die kind het ouers, broers en ’n suster, maar weet nie eens waar hulle is nie. Hy het by sy ouma grootgeword en weggeloop toe sy (die ouma) te streng begin raak het. Hy sê sy ouma was baie arm en het die toelae wat sy ontvang, uitgedrink. Hy sê verder dat hy dit baie geniet op die straat, net in die winter is dit baie koud in die nag. Mense het al komberse vir hom gegee vir die koue, hulle gee vir hom geld waarmee hy “gom” koop en ook kos wat hy baie geniet wanneer hy werklik honger is. Hy sê die mense bring dit vir hom tot daar waar hy op die sypaadjie sit. Hy hoef niks in ruil daarvoor te doen nie en dit maak dit vir hom meer voordelig om op straat te bly as om bv. by ’n “skuiling” te gaan aanklop waar hy moet werk om sy kos te verdien en ook geen geld kry om “gom” mee te koop nie. Hy sluit af deur te sê dat dit al moeiliker raak om kop bo water te hou aangesien al hoe meer kinders (en volwassenes) hulle tot hierdie “gemaklike” lewe wend.

Soveel mense kom by ’n kafee uit en stop ’n geldjie in die hand van ’n honger kind, min wetende wat sulke optrede werklik aan die samelewing doen. Min mense praat met hierdie kinders om die impak van hulle “goedhartigheid” te besef. Terwyl ons mense op straat te hulp snel, kan ons daardeur ook groot skade veroorsaak aan hierdie kinders se verdere ontwikkeling.

In Kaapstad (Rapport, 1 Augustus 2004 : 13) is ’n veldtog van stapel gestuur om mense in Khayelitsha en Mitchells Plain besig te hou deur menswaardigheid aan te leer, beter kulturele ontwikkeling daar te stel en ook ’n kans op selfbestuur te bied. Dit is die eerste groot projek wat tussen die Departement van Gemeenskapsveiligheid en die Stad Kaapstad aangepak word. Sowat R120 miljoen is bewillig vir hierdie projek. Die helfte van die geld is geskenk deur die Duitse bank KfW. Hierdie plan is ook in pas met die President se beroep dat programme nodig is om armoede, wat die kweekveld vir misdaad is, uit te wis. Die bekendstelling van die projek is reeds in Khayelitsha en Mitchells Plain gedoen omrede misdadigheid daar hoogty vier.

Meer as 90% van Mitchells Plain se mense verdien minder as R3 500 per maand. Sowat 16% van die mense is werkloos en 'n derde van die metropool se inwoners woon in dié twee gebiede. Die veiligheidsmodules sal deur die gemeenskap self bestuur word met die hulp van organisasies wat lank reeds teen armoede en misdaad veg. Verskeie jongmense is reeds gewerf om as vredesbeamptes opgelei te word. Die SAPD in Kaapstad het hulle volle samewerking aan die projek aangebied en gesê dat dit beslis 'n verskil sal maak aan die misdaadprobleme in die Kaap. Dit is 'n feit dat armoede 'n rol kan speel by misdaadpatrone, maar dit is nie die enigste rede waarom mense misdaad pleeg nie. Baie ryk mense pleeg ook misdaad en in baie gevalle kom hulle weg daarmee aangesien hulle goeie/duur regsverteenwoordigers kan bekostig. Dit is beslis ook nie net swart mense wat misdaad pleeg nie. Dit is maklik om te sê dat daar meer swartes in die gevangenisse is as ander rasse, maar dit is ook waar dat die bevolking van Suid-Afrika uit die meerderheid swartes bestaan.

Daar sal gekyk moet word van waar armoede is Suid-Afrika kom en wie die armes was om te bepaal wat aanleiding gegee het tot die huidige armoede onder veral swart mense. In 'n regeringsverslag (Rapport, 26 Oktober 2003 : 6) is genoem dat die aantal arm blankes in 1924 op ongeveer 200 000 geskat is. Die historikus, Prof. Herman Giliomee skryf in sy boek, "The Afrikaners – Biography of a People" dat daar vroeg in die jare dertig van die vorige eeu 'n opname onder 462 armblanke gesinne gemaak is en bevind is dat net die helfte van hulle ooit op laer skool was, twee vyfdes kwalik kan lees of skryf en een tiende heeltemal ongeletterd was.

Na hierdie tydperk het die omstandighede van die Afrikaner baie verbeter en veral swart leiers weet dat die blankes deur die arm jare gekom het en vir geslagte reeds hoofsaaklik deel van die middelinkomstegroep is. Politieke leiers wil leer hieruit en weet wat die blankes gedoen het om hulle eie posisie te verbeter.

Syfers van vandag se swart armoede vertel 'n skrikwekkende verhaal en maak dit totaal anders as die blanke armoede vroeg in die vorige eeu. Volgens Prof. Carel van Aardt, bevolkingsekonoom by Unisa, toon die jongste syfers (2002) dat 63% of 22,5 miljoen swart mense arm is. Die heel armstes maak 10,13% of 13,2 miljoen van die swart bevolking uit. Wanneer die 200 000 wit armes in 1924 vergelyk word met tientalle miljoene swart armes vandag, is die uitdaging om oplossings vir hierdie

probleem te soek baie groot en totaal verskillend van die metodes wat destyds gewerk het.

’n Ander probleem wat Prof. van Aardt noem is die feit dat swart armoede toeneem, anders as met die wit armoede. In 1998 was 56,9% of 18,7 miljoen swart mense arm en 8.83% of net minder as 3 miljoen mense as die armste in die swart bevolking bestempel. Die prentjie raak al hoe swakker en al meer mense neig hulle tot misdaad om te oorleef. Dr. Cobus de Swardt, projekbestuurder van die chroniese-armoedenavorsingsprogram van Wes-Kaapland (Rapport, 26 Oktober 2003 : 13), sê dat die gemiddelde inkomste van swart huishoudings tussen 1995 en 2000 met 19% gedaal het.

Regter Fagan (Inspekterende Regter van Gevangenisse) het op 11 Julie 2004 aan Freek Robinson (Fokus, SABC 2) gesê dat armoede en werkloosheid ’n groot probleem is en dat hy baie bly is om te verneem dat die regering aangekondig het dat werkskepping en verbetering van sosiale omstandighede aandag gaan kry oor die volgende 5 jaar.

Die regering sal dringend moet kyk na die vinnig groeiende bevolking en dit deel van die oplossing vir armoede en werkloosheid maak. Dr. Hemson (RGN) noem in ’n verslag (Rapport, 1 Augustus 2004 : 2) dat agterstande al groter word, eerder as om uitgewis te word. Hy noem dat dit deels weens die bevolkingsgroei is. Tussen die sensusopname van 1996 en 2001 het meer as 2 miljoen huishoudings bygekom. Om behuising, elektrisiteit, water en sanitasie te bekom, is reeds ’n groot taak, maar waar werk vir al die mense vandaan gaan kom, is ’n ope vraag.

Volgens die Sentrum vir Beleidstudies van die Universiteit van die Witwatersrand het Suid-Afrika die mees ongelyke gemeenskap. Daar is ’n baie groot gaping tussen ryk en arm. As net die rykes se statistiek in ag geneem word, is Suid-Afrika 24ste op die rykmanslys. As ons na die armes se statistiek kyk, is ons 180ste uit 193 lande (Rapport, 11 Julie 2004 : 5).

Die regering sal daadwerklike pogings moet aanwend om armoede hok te slaan. Wanneer die armes gaan besef dat hierdie “beter lewe” wat hulle belowe is, nie gaan realiseer nie, sal misdaadpleging in baie gevalle die enigste alternatief wees.

Die regering kan nie alleen hierdie reuse taak van armoedeverligting hanteer nie. Dit is ’n gemeenskapsprobleem en die gemeenskap, privaatsektor en ook kerke moet

betrokke raak. Ons is geneig om te vergeet watter rol die kerk kan speel in armoedeverligting. Barmhartigheidswerk is 'n opdrag in die Bybel en daarom moet almal help om Suid-Afrika 'n beter land vir elkeen te maak. In die Worcester Standard (22 Julie 2004 : 2) word organisasies en lede van die publiek uitgenooi na 'n werkwinkel wat gemik is op armoede en misdaad in Worcester en omgewing.

Die Departement van Korrektiewe Dienste het sy deel bygedra tot die bekamping van werkloosheid deur in Suid-Afrika deur 'n stuk grond by Zonderwatergevangenis beskikbaar te stel vir groenteverbouing. Lede van die gemeenskap kan saam met gevangenes hierdie grond bewerk en die opbrengs (oes) daaruit word geskenk aan bv. ouetehuise, skole en die breër gemeenskap.

Adjunk-President Zuma het gesê (Nexus, April 2002 : 6): “It seems as if poverty is fast becoming the swarn enemy of the Government. Our only hope, and our only strength, in this war on poverty lie in our abillity to form a united front against hunger, poverty and unemployment.” Gedurende April 2002 het Korrektiewe Dienste ook drie klaskamers gebou in 'n informele nedersetting in Thohoyandou, Limpopo. Hierdie klaskamers is deur gevangenes gebou nadat verneem is dat die betrokke kinders skoolonderrig onder 'n boom ontvang. Dit is projekte soos hierdie wat armmoede en lewensomstandighede verbeter en ook die hand van die regering sterk in armoedeverligting (Nexus, November 2002 : 7).

Tydens 'n Maatskaplike Werkers Konferensie te Leeukopgevangenis (Nexus, November 2002 : 13) het die Hoof van Maatskaplike Dienste in Gauteng, Mvule Motsamai, gesê dat faktore soos arm gemeenskappe, ongeletterdheid en die afbreek van morele waardes bydra tot misdaadpleging. Sy het verder gesê dat Korrektiewe Dienste se siening om elke lid 'n rehabiliteerder te maak, beslis 'n verskil sal maak in die gevangenis. Ons grootste taak lê egter in die gemeenskap waar misdaad voorkom moet word om te verseker dat minder gevangenes na 'n gevangenis verwys word vir die uitdiening van 'n straf.

Regter Fagan noem in sy 2003 jaarverslag dat 4 uit elke 10 Suid-Afrikaners wat werk soek, niks kry nie. Ongeveer 60% van gevangenes is jong mans van onder 30 jaar oud. Die misdade wat hulle gepleeg het is 30% ekonomiese misdade en 50% aggressiewe misdade wat grootliks deur armoede en werkloosheid veroorsaak word.

Gedurende September 2002 het Suid-Afrika se werkloosheidsyfers soos volg daaruit gesien (Inspekterende Regter van Gevangenisse se 2002/2003 jaarverslag):

- Mans : 15 – 24 jaar oud – 15,1% (731 000) van die werkloses,
- Mans : 25 – 34 jaar oud – 16,2% (781 000) van die werkloses en
- Mans : 35 – 44 jaar oud – 7,1% (345 000) van die werkloses.

Uit bogenoemde statistiek kan afgelei word dat 38,4% van Suid-Afrika se bevolking (mans tussen 15 en 44 jaar oud) werkloos is. ’n Aspek wat ook werkloosheid vererger is die program van regstellende aksie. Volgens Mnr. Dirk Hermann van die vakbond, Solidaritiet (Rapport 25 Julie 2004 : 11) maak blankes demografies, 7% van die bevolking uit. Hy sê dit is baie onregverdig as 93% van die bevolking aanspraak maak op hulle werk. Solidariteit glo dat daar ’n plek vir regstellende aksie is, maar hulle voeg by dat internasionale voorbeelde gewys het dat ekonomiese groei en beter opleiding van voorheen benadeeldes noodwendig lei tot ’n beter lewenspeil vir ’n groter groep mense.

Werkloosheid het stelselmatig van 1,9 miljoen in 1970 tot 4,8 miljoen in 1995 toegeneem, terwyl die getal potensiële swart werkers van 6,9 miljoen tot 9,3 miljoen gegroei het (Rapport, 26 Oktober 2003 : 4).

Prof. Helgaard van Wyk van Unisa (Buro vir Marknavorsing) het in die Sake Rapport (25 Julie 2004 : 3) gesê dat armoede en werkloosheid in 2007 heelwat hoër gaan wees as in 2003 en dat misdaad nog verder gaan verhoog. Hy noem verder dat die kundigheid wat die ekonomie verlang verskil van die kundigheid wat werkers bied. ’n Ander negatiewe invloed is die invloei van mense uit buurlande na Suid-Afrika. Groot druk gaan hierdeur op behuising, onderwys en ander staatshulpbronne geplaas word. Prof. van Wyk noem dat daar ook positiewe aspekte is wat in 2007 sal voortduur, nl.

- ’n toename in buitelanse toeriste,
- ’n toename in uitvoere,
- meer kleinsakeondernemings en
- ’n hoër internasionale ekonomiese groeikoers.

Om armoede en werkloosheid te verlig, sal gemeenskappe en individue self moet opstaan en besef dat elkeen sy eie lot bepaal. Die regering kan nie alleen vir almal sorg en vir almal werk gee nie. ’n Ontwikkelingskultuur sal aangekweek moet word ten einde selfonderhoudend te wees. Van die kant van die regering moet inisiatiewe gefinansier word om armoede te beveg en die gemeenskap, kerke en privaatsektor moet ’n beduidende rol speel om hierdie inisiatiewe/projekte van die grond te kry en ’n sukses daarvan te maak.

## 4.3 **Opvoeding binne gesinsverband**

Gemeenskapslewe is ’n menslike sosiale ordening. Enige gemeenskap bestaan uit verskillende groepe mense, mense met norme en waardes wat deur die spesifieke gemeenskap bepaal word. Die oortreder kan gesien word as ’n afwykende in die gemeenskap. Met betrekking tot die afwykende in die gemeenskap is dit belangrik om die menslikheid te beklemtoon omdat mense onvolmaak en sondige wesens is wat tot die kwade geneig is. Sonde en verkeerde handelinge kan tot in die Bybelse tyd (Genesis) teruggeneem word.
Cronje en van der Walt (1978 : 5) sê: “Met die oog op die bepaling van die afwykende in die gemeenskap gaan dit in besonder om morele norme.” Die standaarde wat gestel word vir lede van ’n gemeenskap is baie belangrik. Dit bepaal die kultuur van so ’n gemeenskap en bepaal ook die lewensbeskouing van individue wat binne so ’n gemeenskap lewe.
Een van die belangrikste groepe mense binne enige gemeenskap is die gesin. ’n Gesin kan omskryf word as (Odendal, 1984 : 275): ’n Groep nou verwante persone bestaande uit die ouers (ook net een ouer) en kinders – soms ook net uit kinders ter onderskeiding van die ouers. Dit is in die gesin waar primêre opvoeding moet begin. Reeds binne die ouerhuis moet reëls (norme en waardes) vasgestel word sodat die kind(ers) vanaf ’n jong ouderdom reeds sal besef wat reg en wat verkeerd is. Dit is gewoonlik hierdie gesinsreëls wat die norme en waardes van ’n gemeenskap bepaal. Een van die grootste probleme tans is dat die gesinslewe afgeskeep word. Hoë egskeidingsyfers, armoede, werkloosheid, drankmisbruik en kindermishandeling is van die aspekte wat aanleiding gee tot gesinsverbrokkeling. Tydens ’n onderhoud

met maatskaplike werkers by Worcestergevangenis het dit maar net weer na vore gekom dat kinders by grootouers of ander familie en vriende gelaat word en opvoeding binne gesinsverband daardeur erg skade ly. Armoede en werkloosheid dra grootliks by tot hierdie probleem. Beide ouers is genoodsaak om te werk en soms gebeur dit dat hulle selfs in ander dorpe/stede moet gaan werk om die pot aan die kook te hou. Buite-egtelike kinders word ook direk geraak aangesien moeder en vader nie altyd saamwoon nie en dus word die kind deur ’n enkelouer opgevoed.

Die regering is van mening dat geslagsgelykheid in die werkplek so gou as moontlik bewerkstellig moet word. Dit sal beteken dat al hoe minder moeders direk betrokke sal wees by die belangrikste opvoeding wat tydens die eerste paar jaar van enige kind se lewe nodig is. Die spreekwoord wat sê: “buig die boompie terwyl dit nog jonk is”, is baie waar wanneer die grondslag gelê moet word vir ’n kind se verdere ontwikkeling.

Wanneer ’n kind se vroeë ontwikkeling skade gely het, is dit soveel makliker om betrokke te raak by verkeerde (misdadige) gedrag wat aangeleer word by ander groepe in die gemeenskap. ’n Kind is geneig om te doen wat ander doen aangesien dit nie ’n verkeerde handeling kan wees nie omrede hy opsien na hierdie groepe waaraan hy blootgestel word. Indien hy norme en waardes aangeleer is toe hy nog klein was, sou dit nou makliker vir hom gewees het om tussen reg en verkeerd te onderskei.

Prof. Ernie Mocke (Rapport, 16 Junie 2002 : 12) skryf dat geweld op TV (ook met rekenaarspeletjies) ’n groot probleem skep vir kinder kykers wat visuele leerders is en positiewe sowel as negatiewe optrede as modelle aanneem. Dit kan veroorsaak dat geweld aanvaar word as deel van ’n gemeenskap se bestaan. Geweld behoort iets te wees waarteen die gemeenskap beskerm moet word aangesien dit nie deel uitmaak van enige gemeenskap se reëls wat gestel word vir ’n vreedsame bestaan nie. Prof. Mocke sê voorts dat: “Die groot gevaar daarin lê dat te veel blootstelling aan geweldadige en grusame beelde daartoe bydra dat mense gedesensiteer word wat tot psigoneurose kan lei.”

Dit is egter nie net TV-geweld wat negatief inwerk op kinders se ontwikkeling nie. Seks op TV kan ook baie negatiewe invloede hê op watter beeld van seksualiteit ’n kind vorm en dit kan aanleiding gee tot seksuele misdade wat deur die oortreder nie

regtig as misdaad beskou word nie aangesien dit uitgebeeld word as normatiewe gedrag.

Die moderne wêreld waarin ons tans leef en die gepaardgaande tegnologiese ontwikkeling speel 'n beduidende rol in die ontwikkeling van ons kinders. Dit maak dit net soveel belangriker om sterk gesinsbande te hê waar ouers hulle kinders kan opvoed om nie by verkeerde gedrag betrokke te raak nie.


Voorligting rakende seks, vigs, dwelms en misdadige gedrag is van kardinale belang. Die kind behoort hierdie opvoeding van sy ouers te kry, die mense na wie hy opsien as sy rolmodelle. Die oomblik wanneer die verkeerde vriende en dwelmbase sy rolmodelle word, is dit te laat om te probeer keer dat misdadige gedrag aangeleer word. Dit is in baie gevalle hierdie kinders, wat "verkeerd" groot word, wat uiteindelik in die gevangenis beland waar Korrektiewe Dienste "korreksies" moet toepas, korreksies wat jare gelede deur die ouers toegepas moes gewees het.

Die gesin, skool, kerk en die staat is van die belangrikste instansies wat bydra tot die opvoeding van kinders. Die mens is in alles sosiaal. Om mens te wees beteken om voortdurend in kontak te wees met ander mense. Verster, van Heerden en van Zyl (1990 : 124) sê: "Onweerlegbaar lewer die geskiedenis bewys van die feit dat daar geen blywende en doeltreffende plaasvervanger vir die gesin gevind kan word nie. 'n Hoofkenmerk van 'n gesin, as 'n soewereine, geslote en klein gemeenskap, is die eenheid daarvan. Die besondere struktuur van die gesin bepaal al sy verskillende aktiwiteite – dus ook sy opvoedingsaktiwiteite."

Ook vir Korrektiewe Dienste is die rol van die gesin baie belangrik. Ons kan nie net konsentreer op gemeenskapgebaseerde vonnisse om oorbevolking te bekamp nie. Misdaadvoorkoming moet verder aangespreek word as langtermyn oplossing vir oorbevolking en dit behoort reeds in die gesin te begin waar die grondslag vir primêre opvoeding gelê word.

Die kind moet homself ook van tyd tot tyd meet aan die standaarde van die gemeenskap om be bepaal waar hy hom bevind in hierdie groep mense saam met wie hy 'n lewe deel. Dit help hom om sy eie persoonlikheid daar te stel en verder te ontwikkel. Gouws en Kruger (1994 : 6) noem dat: "People's self-concepts develop gradually as they pass through a variety of stages from infancy to adulthood. Self-analysis and self-criticism intensify during adolescence when adolescence struggel

with the question of “Who am I?” and continuously measure themselves against the norms and values of society. The standards of friends and of the peer group become a particularly important yardstick for self-appraisal.” Figuur 33 toon die verskillende elemente wat bydra tot die vorming van ’n selfkonsep.




FIGUUR 33: Selfkonsep.

In die Rapport (18 Julie 2004 : 11) skryf Flip Buys in ’n artikel “Suid-Afrika sal nuut moet dink én doen” dat die regering besig is om dieselfde fout as die meeste Afrikalande en Indië te begaan, deur ondanks mooi woorde tot die teendeel moedertaalonderrig deur Engelstalige onderwys te vervang, ongeag die rampspoedige uitwerking wat dit op ontwikkeling het.

Daarom bly hierdie en ander probleme in talle lande wêreldwyd ’n versperring vir ontwikkeling, ongeag die politieke en ekonomiese modelle wat gevolg word.

Naas die gesin is die skool en kerk twee baie belangrike instansies in die opvoeding van kinders. Die wisselwerking van die gesin, die skool en die kerk vorm ook ’n eenheid waarbinne die kind opgroei en norme en waardes aanleer. Die kinders van vandag is die toekoms van hierdie land en daarom moet alle moontlike energie ingesit word om hulle so op te voed dat die ekonomie en ontwikkeling van die land

deur hulle verder geneem kan word. Verkeerde opvoedingspogings moet nie veroorsaak dat misdaad later toeneem nie. Kinders moet dus ook sedelike norms en waardes aanleer wat hulle sal weerhou van die negatiewe en verkeerde handelinge binne ’n gemeenskap.

Fisies moet hulle ook versorg en beskerm word. Artikel 28 van die Wet op Kindersorg (wet 74 van 1983) bepaal ondermeer dat;

- elke kind geregtig is op ouerlike versorging of plasing in alternatiewe sorg,
- daar moet vir kinders basiese voedsel, ’n dak oor die kop en mediese sorg wees en
- kinders moet teen mishandeling en uitbuitery beskerm word.

Wanneer kinders beskerm word, word die toekoms van ’n land ook indirek beskerm. Die staat speel ’n baie belangrike rol in die opvoeding van kinders en daarom is dit uiters belangrik dat die regering sy plig sal besef en met opheffingswerk sal begin wat ’n verskil kan maak in die lewe van so baie arm, werklose mense wat hulle gesinne moet verlaat en elders gaan werk om in die basiese behoeftes van hulle gesinne te voorsien. Deur miljoene rande nou te spandeer in die opvoedingstaak van die volk, kan miljoene rande aan oorvol gevangenisse bespaar word aangesien goeie opvoeding minder misdaad kan beteken.

## 4.4 **Bendes / Dwelms**

Bendes dra by tot misdaadpleging binne en buite die gevangenis. Die smokkel en gebruik van dwelms kom ook algemeen voor in gevangenisse sowel as in die gemeenskap. Bendes pleeg gewoonlik aggressiewe misdade waar veral onskuldige mense seerkry. Op die Kaapse-vlakte word voortdurend onskuldige kinders doodgeskiet wat in die straat speel. Hulle het niks te doen met die oor en weer skietery van bendes nie.

Tans is daar baie geld betrokke by bendebedrywighede. Baie geld word gemaak uit smokkelhandel met dwelms. Die bendes maak geld, maar die mense (kinders) aan

wie hierdie dwelms verkoop word, word so negatief daardeur geraak dat misdaad gepleeg word om geld in die hande te kry vir meer dwelms.

Wanneer daar gekyk word na die oorsake van bendevorming, is dit duidelik dat armoede en werkloosheid ’n groot rol speel. Indien ’n persoon ’n werk en geld het, sal dit nie nodig wees om geld of besittings van iemand anders te steel nie. Werkloosheid veroorsaak ook ledigheid en dit skep ’n platform vir misdadige gedrag en bendebedrywighede. Veral in die swakker sosio-ekonomiese gebiede voel ’n bendelid dat hy aansien het en gerespekteer word deur sy mede lede en in sommige gevalle word hy gevrees deur die gemeenskap. Dit alles gee hom ’n gevoel van mag, iets waaraan hy nie gewoond is buite die bende nie. ’n Bende gee dus “stabiliteit” aan baie mense, stabiliteit wat die gemeenskap nie kan bied nie.

Misdadigers sal op die een of ander manier bewus gemaak moet word dat hulle gedrag onaanvaarbaar is en dat daar ander alternatiewe is om in eie behoeftes te voorsien.

Ook binne gevangenisse is daar geweldige bendebedrywighede aan die gang. Vroeër jare toe die voorregte van gevangenes baie beperk was, het bendes dit hulle werk gemaak om ander gevangenes te viktimiseer ten einde hulle doelwitte te bereik. Om bv. ’n “rang” te kry in sekere bendes moet jy ’n bewaarder met ’n skerp voorwerp steek. Moord word ook in die tronk gepleeg om te “vorder” binne ’n bende. Bendes voer ’n skrikbewind in gevangenisse, selfs lede en hulle gesinne word gedreig deur bendelede.

Neser (1993 : 212) noem dat bendes ’n ekonomiese en emosionele funksie binne gevangenisse vervul. Wanneer een bendelid voordeel trek, deel die ander lede in die “wins” en sodoende word ’n buffer teen armoede in die gevangenis geskep. Dwelms is ook vrylik beskikbaar in baie gevangenisse. Die vraag wat ontstaan is, hoe kom die dwelms die gevangenis binne? Dit kan gebeur dat gevangenes dit self insmokkel of dat familie, vriende en/of bendelede van buite die dwelms tydens besoeke inbring. Dit gebeur ook meer dikwels dat lede gevangenes help om die dwelms in die gevangenis in te bring en dan vergoed word daarvoor.

Dwelms is nie net skadelik vir die gesondheid van ’n persoon nie. Dit kan jou met die gereg laat bots aangesien die handel en gebruik van dwelmmiddels onwettig is, maar jy kan ook met die gereg bots as gevolg van jou optrede (misdadige handeling)

wat veroorsaak word deur die uitwerking van die dwelms en dit kan selfs jou dood beteken.

In die Rapport (27 Junie 2004 : 10) skryf Tobie Brummer dat die Polisie se offensief teen die dwelmmonster in die Wes-Kaap, in vyfde rat is. Voorligtingspanne is in die veld om skole en ander instansies in te lig oor die handel, besit, gebruik en gevolge van dwelms.

Kaptein Gerhard Niemand van die teenmisdaad-eenheid van die SAPD sê : "Dis nie maklik om die regte aanslag te vind wanneer jy leerlinge teen dwelms probeer waarsku nie. Dit help nie jy wys hulle hoe die dwelms en pype waarmee dit gerook word, lyk nie. Dit help ook nie om hulle te dreig nie. Jy moet hulle oortuig waarom dit verkeerd is om dwelms te gebruik, waar dit vandaan kom, waarom dit jou kan dood maak en hoe bendes wat dit smous, te werk gaan."

Die Wes-Kaapse Minister van Gemeenskapsveiligheid, Mnr. Leonard Ramatlakane meen dat dwelmverslawing eers sal afneem wanneer gesinne en skole saamwerk om morele waardes te bevorder. Hy sê verder dat hy glo dat: "Jong mense "vlug" na bendes wanneer hulle nie tuis "gehoor" word nie. As hulle tuis ongelukkig is, gaan soek hulle kameraderie by die bendes en leer die beginsels van selfbehoud by dwelmsmouse".

Die Stad Kaapstad het aangekondig dat hy voortaan geen bendebedrywighede op enige van sy persele of in sy geboue gaan toelaat nie. Bendes sal summier uitgesmyt word (Rapport, 1 Augustus 2004 : 11).

'n Spesifieke dwelm "tik-tik" word al meer gebruik in die Wes-Kaap. Die dwelm bevat metiel ('n soort alkohol) wat in 'n laboratorium en tuis gemaak kan word. Al meer jong mense gebruik hierdie dwelm. Dit is ook nie net in die laer sosio-ekonomiese gebiede waar hierdie dwelm gewild is nie. Veral in Kaapstad word "tik" (crystal methamphetamine) ook deur ryk jong mense gebruik.

In die Worcester Standard (12 Augustus 2004 : 2) word genoem dat hierdie dwelm reeds sy pad gevind het na die platteland. Dit is veral skole en nagklubs wat teikens is vir dwelmsmouse om as afsetgebied te gebruik. In hierdie artikel sê 'n skoolmeisie van Worcester: "Tik is in the fashion. Everybody does it, why shouldn't I do it?"

Anders as alkohol en ander dwelms veroorsaak “tik” nie naarheid of swakheid nie, dit laat jou goed en hiperaktief voel. By gereelde gebruik kan dit veroorsaak dat die liggaam weerstand opbou teen hierdie middel en dit veroorsaak dat meer hoeveelhede ingeneem moet word. ’n Oordosis sal beslis ’n persoon se dood veroorsaak.

Gewoonlik word hierdie dwelm in ’n “strooitjie” verpak wat tussen R50 en R100 kan kos. Dit is baie geld vir iemand wat werkloos is en wanneer verslawing ingetree het, sal enige iets gedoen word om geld in die hande te kry om die voorraad aan te vul. “At times addicts can get frustrated, aggressive and irritated. I feel like I can kill someone if I do not have the money to buy another straw. It is almost like I’m going mad,” sê ’n verslaafde (Worcester Standard, 12 Augustus 2004 : 2).

Volgens die Mediese Navorsingsraad is 4 uit elke 1 600 dwelmverslaafdes verslaaf aan “tik”. Dit het gou gegroei na 13 uit 1 600 en in 2003 was dit 38 uit 1 600. Die jongste statistiek (April 2004) toon dat 213 uit elke 1 600 dwelmverslaafdes aan “tik” verslaaf is.

In Kaapstad word hierdie verslawing as die grootste in 20 jaar bekou en rehabilitasiesentrums word oorval met navrae en verwysings. Die probleem raak al groter en daar word gevrees dat dit vinnig na die res van die land sal versprei aangesien daar baie min bekend is oor hoe hierdie verslawing behandel moet word.

In die Wes-Kaap het die Polisie Quest-werkboeke by 100 skole uitgedeel. Me Sharon Cottle (Rapport, 18 Julie 2004 : 9) van die Lions in Kaapstad het gesê dat hierdie boek deur kundiges in die VSA opgestel is en alle aspekte van kinderopvoeding dek. Dit is vir Suid-Afrikaanse omstandighede aangepas en fokus veral op die bou van ’n selfbeeld, seksualiteit, dwelms en die verskil tussen reg en verkeerd. Hierdie boek dek aspekte wat nie altyd deur die ouers aan hulle kinders oorgedra word nie. Met die Quest-projek word dit makliker vir die ouer om sensitiewe aspekte van die lewe met hul kinders te deel.

Die eenheid van die gesin bly die belangrikste rede waarom gesinne so ver moontlik by mekaar moet staan. Die norme en waardes wat deur ’n kind se ouers vir hom geleer word, vorm die basis van sy persoonlikheids-ontwikkeling en ook die vermoë om effektief tussen “reg” en “verkeerd” te onderskei.

## 4.5 Rasseverhoudings

Rasseverhoudings is ’n moeilike onderwerp om te bespreek aangesien “kleur” ’n deurslaggewende rol speel en rasbeheptheid aan die orde van die dag is in die nuwe Suid-Afrika. Dit is regtig jammer dat daar na 11 jaar in die demokrasie steeds teen kleur moet vaskyk word. Hoe gouer die verlede vergeet en vorentoe gekyk word, hoe gouer sal geleer word om saam te leef en die beste van Suid-Afrika te maak, vry van rasisme en diskriminasie.

Misdade wat verband hou met rasseverhoudings, is gewoonlik ernstig van aard. Daar is uitsonderings waar ekonomiese misdade gepleeg word. Doug Thomson, doktorale student aan die Universiteit van KwaZulu-Natal, sê dat enige studie met ’n raskonneksie sekere gevare inhou. Hy sê dat hy besef dat die voorkoms van moord in ’n sekere gemeenskap nie ’n genetiese oorsprong het nie, maar te doen het met spesifieke maatskaplike, politieke en ekonomiese druk (Rapport, 1 Augustus 2004 : 7).

Ook in skole vind al hoe meer rasverwante voorvalle plaas. Baie van hierdie voorvalle loop op ernstige aanrandings uit en in verskeie voorvalle het die slagoffers beswyk aan hulle beserings. As gevolg van Suid-Afrika se verlede word hierdie tipe misdade as hoë-profiel sake beskou en kry dit baie media-dekking en gevolglik is die publiek landwyd ingelig oor hierdie gebeure en eis hulle lang strawwe vir die skuldiges. Met die afskaffing van die doodstraf, is lewenslange gevangenisstraf en lang bepaalde vonnisse ter sprake en dit het ’n direkte invloed op die oorbevolkingsprobleem binne Korrektiewe Dienste.

Terwyl hierdie haat tussen rassegroepe gaan voortduur, sal daar deurlopend gekyk moet word na maniere om misdadige gedrag te verminder en die samewerking tussen rassegroepe te bevorder.